# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 568 Cape Town, Kaapstad, 2 October 2012 **No. 35741**


**THE PRESIDENCY**

No. 800 2 October 2012

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 11 of 2012: Judicial Matters Amendment Act, 2012**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 800 2 Oktober 2012

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 11 van 2012: Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2012**

9 771682 584003 35741

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 1 October 2012)*

# ACT

**To amend the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, so as to further regulate the litigation functions of a Special Investigating Unit; to provide for the secondment of a member of a Special Investigating Unit to another State institution; to empower a Special Investigating Unit to charge and recover fees for performing any of its functions; and to authorise any such fees previously levied; to amend the National Prosecuting Authority Act, 1998, so as to further regulate the remuneration of Deputy Directors and prosecutors; and to regulate the continued employment and conditions of service of persons employed by the National Prosecuting Authority as financial investigators and analysts; and to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts, as follows:—

**Amendment of section 2 of Act 74 of 1996, as amended by section 36 of Act 12 of 2004**

**1.** Section 2 of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, is hereby amended by the substitution in subsection (1)*(b)* for the words preceding the proviso of the following words:

> ''establish one or more Special Tribunals to adjudicate upon **[justiciable]** civil **[disputes]** proceedings emanating from any investigation of any particular Special Investigating Unit:''.

**Amendment of section 3 of Act 74 of 1996, as amended by section 1 of Act 2 of 2001**

**2.** Section 3 of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, is hereby amended by the addition of the following subsection:

> ''(6) The Head of a Special Investigating Unit may, on such conditions as he or she may deem fit, second a member, if the member consents, either for a particular task or for a specified period, to the service of a State institution on condition that the rights, privileges and service benefits and conditions of the member are not adversely affected by such secondment.''.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 1 Oktober 2012)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, ten einde die litigasiefunksies van 'n Spesiale Ondersoekeenheid verder te reël; om voorsiening te maak vir die sekondering van 'n lid van 'n Spesiale Ondersoekeenheid na 'n ander Staatsinstelling; 'n Spesiale Ondersoekeenheid te bemagtig om gelde te hef en te verhaal vir die uitvoering van enige van sy werksaamhede; en enige sodanige gelde wat voorheen gehef is te magtig; tot wysiging van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998, ten einde die besoldiging van Adjunkdirekteure en aanklaers verder te reël; en die voortgesette diens en diensvoorwaardes van persone in diens van die Nasionale Vervolgingsgesag as finansiële ondersoekers en ontleders verder te reël; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika verorden, soos volg:—

**Wysiging van artikel 2 van Wet 74 van 1996, soos gewysig deur artikel 36 van Wet 12 van 2004**

**1.** Artikel 2 van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, word hierby gewysig deur in subartikel (1)*(b)* die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"een of meer Spesiale Tribunale instel ten einde **[beregbare]** siviele **[geskille]** verrigtinge voortspruitend uit 'n ondersoek van 'n bepaalde Spesiale Ondersoekeenheid te bereg".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 74 van 1996, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 2 van 2001**

**2.** Artikel 3 van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(6) Die Hoof van 'n Spesiale Ondersoekeenheid kan, op sodanige voorwaardes wat hy of sy gepas ag en indien die lid toestem, 'n lid vir 'n spesifieke taak of vir 'n bepaalde tydperk sekondeer na die diens van 'n Staatsinstelling, op voorwaarde dat sodanige sekondering die regte, voorregte en diensvoordele en -voorwaardes van die lid nie nadelig raak nie.".

**Amendment of section 4 of Act 74 of 1996**

**3.** Section 4 of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(b)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

"*(b)* to collect evidence regarding acts or omissions which are relevant to its investigation **[and, if applicable, to institute proceedings in a Special Tribunal against the parties concerned]**;

*(c)* to **[present evidence in]** institute and conduct civil proceedings **[brought before]** in a Special Tribunal or any court of law for—

(i) any relief to which the State institution concerned is entitled, including the recovery of any damages or losses and the prevention of potential damages or losses which may be suffered by such a State institution;

(ii) any relief relevant to any investigation; or

(iii) any relief relevant to the interests of a Special Investigating Unit;"; and

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(f)* of the following paragraph:

"*(f)* from time to time as directed by the President to report on the progress made in the investigation and matters brought before the Special Tribunal concerned or any court of law;".

**Amendment of section 5 of Act 74 of 1996, as amended by section 31 of Act 62 of 2000 and section 2 of Act 2 of 2001**

**4.** Section 5 of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to this Act and the regulations, the Head of a Special Investigating Unit may—

*(a)* determine the procedure to be followed in conducting an investigation; and

*(b)* charge and recover fees and expenses from a State institution for anything done in terms of this Act in respect of that State institution or a State institution identified by that State institution, together with legal costs relating to the institution and conducting of civil proceedings in terms of this Act, and interest, calculated at the rate prescribed in terms of section 1(2) of the Prescribed Rate of Interest Act, 1975 (Act No. 55 of 1975), from the date of demand.";

*(b)* by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

"(1A) *(a)* A State institution which is unable to pay the fees, expenses or legal costs or any part thereof, charged or to be recovered in terms of subsection (1)*(b)* for a specific financial year or any part thereof, may apply to the National Treasury or, when applicable, the relevant provincial treasury as contemplated in the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), to be exempted from the payment of such fees, expenses or legal costs or any part thereof.

*(b)* The National Treasury or relevant provincial treasury, which receives an application in terms of paragraph *(a)* must, after consultation with the Head of the Special Investigating Unit and after considering the financial position of the State institution—

(i) make a finding regarding the ability of the State institution to pay the fees, expenses or legal costs or any part thereof charged or to be recovered in terms of subsection (1)*(b)* for a specific financial year or any part thereof; and

(ii) inform the Head of the Special Investigating Unit and the State institution concerned of the outcome of the application.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 74 van 1996**

**3.** Artikel 4 van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragrawe *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(b)* om getuienis in te samel aangaande handelinge of versuime wat relevant is by sy ondersoek **[en, indien van toepassing, verrigtinge in 'n Spesiale Tribunaal teen die betrokke partye in te stel]**;

*(c)* om **[getuienis voor te lê by]** siviele verrigtinge **[wat voor]** in te stel en te voer in 'n Spesiale Tribunaal **[gebring is]** of enige geregshof vir—

(i) enige regshulp waarop die betrokke Staatsinstelling geregtig is, met inbegrip van die verhaal van enige skade of verliese en die voorkoming van potensiële skade of verliese wat so 'n Staatsinstelling mag ly;

(ii) enige regshulp wat relevant is tot enige ondersoek; of

(iii) enige regshulp wat relevant is tot die belange van 'n Spesiale Ondersoekeenheid;"; en

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(f)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(f)* om van tyd tot tyd soos deur die President gelas oor die vordering wat in 'n ondersoek gemaak word en oor aangeleenthede wat voor die betrokke Spesiale Tribunaal of enige geregshof gebring is, verslag te doen;".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 74 van 1996, soos gewysig deur artikel 31 van Wet 62 van 2000 en artikel 2 van Wet 2 van 2001**

**4.** Artikel 5 van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens hierdie Wet en die regulasies, kan die Hoof van 'n Spesiale Ondersoekeenheid—

*(a)* die prosedure wat by die hou van 'n ondersoek gevolg moet word, bepaal; en

*(b)* gelde en uitgawes hef en verhaal van 'n Staatsinstelling vir enigiets wat ingevolge hierdie Wet gedoen is ten opsigte van daardie Staatsinstelling of 'n Staatsinstelling geïdentifiseer deur daardie Staatsinstelling, saam met regskostes in verband met die instelling en voer van siviele verrigtinge ingevolge hierdie Wet en rente, bereken teen die tarief voorgeskryf ingevolge artikel 1(2) van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet No. 55 van 1975), vanaf die datum van aanmaning.";

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) *(a)* 'n Staatsinstelling wat die gelde, uitgawes of regskostes of enige deel daarvan, wat gehef is of verhaal moet word ingevolge subartikel (1)*(b)* vir 'n bepaalde finansiële jaar of 'n deel daarvan, nie kan betaal nie, kan by die Nasionale Tesourie of, wanneer van toepassing, die toepaslike provinsiale tesourie, soos beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), aansoek doen om vrygestel te word van die betaling van sodanige gelde, uitgawes of regskostes of enige deel daarvan.

*(b)* Die Nasionale Tesourie of toepaslike provinsiale tesourie wat 'n aansoek ingevolge paragraaf *(a)* ontvang, moet, na oorleg met die Hoof van die Spesiale Ondersoekeenheid en na oorweging van die finansiële posisie van die Staatsinstelling—

(i) 'n bevinding maak oor die vermoë van die Staatsinstelling om die gelde, uitgawes of regskoste of enige deel daarvan gehef of wat verhaal moet word ingevolge subartikel (1)*(b)* vir 'n bepaalde finansiële jaar of 'n deel daarvan te betaal; en

(ii) die Hoof van die Spesiale Ondersoekeenheid en die betrokke Staatsinstelling inlig van die uitslag van die aansoek.

*(c)* A State institution which applies for an exemption in terms of paragraph *(a)*, is liable to pay the fees, expenses or legal costs as provided for in terms of subsection (1)*(b)* to the extent determined by the National Treasury or relevant provincial treasury in terms of paragraph *(b)*(i).'';

*(c)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

''(5) **[A]** Notwithstanding anything to the contrary in any law and for the performance of any of its functions under this Act, a Special Investigating Unit may institute and conduct civil proceedings in its own name or on behalf of a State institution in a Special Tribunal or any court of law **[if, arising from its investigation, it has obtained evidence substantiating any allegation contemplated in section 2(2)]**.'';

*(d)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

''(7) **[If]** Without limiting the provisions of subsection (5), if, during the course of an investigation, any matter comes to the attention of the Head of the Special Investigating Unit which, in his or her opinion, justifies the institution of **[legal]** civil proceedings by a State institution against any person, he or she may bring such matter to the attention of the state attorney or the State institution concerned, as the case may be.''; and

*(e)* by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

''(9) *(a)* Any member of a Special Investigating Unit who is qualified and admitted as an advocate or an attorney, may perform such work in a Special Tribunal or any court of law on behalf of a Special Investigating Unit or a State institution as is by law, custom or practice performed by advocates and attorneys.

*(b)* The rights, privileges and duties of any member lawfully performing functions described in paragraph *(a)*, shall, except as is specifically provided for by this Act, include any of the rights, privileges and duties possessed by or imposed on an attorney or an advocate practising in any court of law where such functions are being performed.''.

**Amendment of section 8 of Act 74 of 1996, as amended by section 32 of Act 62 of 2000**

**5.** Section 8 of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''A Special Tribunal shall have jurisdiction to adjudicate upon any civil **[dispute]** proceedings brought before it by a Special Investigating Unit in its own name or on behalf of a State institution or any interested party as defined by the regulations, emanating from the investigation by such Special Investigating Unit, including the power to—''.

**Amendment of section 11 of Act 74 of 1996**

**6.** Section 11 of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) The Minister of Justice may, after consultation with the Heads of such Special Investigating Units and Special Tribunals as may be in existence at that stage, make regulations regarding any matter not in conflict with this Act, which is reasonably necessary in order to promote the efficiency of Special Investigating Units and Special Tribunals established in terms of this Act, including fees and expenses recoverable for services rendered in terms of this Act.''.

**Insertion of sections 13A, 13B and 13C in Act 74 of 1996**

**7.** The following sections are hereby inserted in the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, after section 13:

*(c)* 'n Staatsinstelling wat om 'n vrystelling ingevolge paragraaf *(a)* aansoek doen, is aanspreeklik om die gelde, uitgawes of regskostes soos ingevolge subartikel (1)*(b)* voor voorsiening gemaak, te betaal tot die mate wat die Nasionale Tesourie of toepaslike provinsiale tesourie ingevolge paragraaf *(b)*(i) bepaal.";

*(c)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Ondanks enigiets tot die teendeel in enige wetsbepaling en vir die uitvoering van enige van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet, kan 'n Spesiale Ondersoekeenheid **[kan]** siviele verrigtinge in sy eie naam of namens 'n Staatsinstelling in 'n Spesiale Tribunaal of enige geregshof instel **[indien, voortspruitend uit sy ondersoek, hy getuienis bekom het wat 'n aantyging in artikel 2(2) beoog, bevestig]** en voer.";

*(d)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) **[Indien]** Sonder om die bepalings van subartikel (5) te beperk, indien enige aangeleentheid gedurende die loop van 'n ondersoek onder die aandag van die Hoof van 'n Spesiale Ondersoekeenheid kom wat, na sy of haar mening, die instel van **[geregtelike]** siviele verrigtinge deur 'n Staatsinstelling teen enige persoon regverdig, kan hy of sy sodanige aangeleentheid onder die aandag van die staatsprokureur of die betrokke **[instelling]** Staatsinstelling bring, na gelang van die geval."; en

*(e)* deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

"(9) *(a)* 'n Lid van 'n Spesiale Ondersoekeenheid wat as 'n advokaat of prokureur gekwalifiseer en toegelaat is, kan in 'n Spesiale Tribunaal of enige geregshof die werk ten behoewe van 'n Spesiale Ondersoekeenheid of 'n Staatsinstelling verrig wat volgens wet, gebruik of praktyk deur advokate en prokureurs verrig word.

*(b)* Die regte, voorregte en pligte van enige lid wat wettiglik werksaamhede verrig wat in paragraaf *(a)* beskryf is, moet, behalwe soos spesifiek deur hierdie Wet bepaal, enige van die regte, voorregte en pligte wat besit word deur of opgelê word aan 'n prokureur of advokaat wat in 'n geregshof praktiseer waar sodanige werksaamhede verrig word, insluit.".

**Wysiging van artikel 8 van Wet 74 van 1996, soos gewysig deur artikel 32 van Wet 62 van 2000**

**5.** Artikel 8 van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"'n Spesiale Tribunaal het regsbevoegdheid om enige siviele **[geskil]** verrigtinge te bereg wat deur 'n Spesiale Ondersoekeenheid in sy eie naam of namens 'n Staatsinstelling of 'n belanghebbende party soos by regulasie omskryf, voortspruitend uit die ondersoek van so 'n Spesiale Ondersoekeenheid, voor hom gebring word, met inbegrip van die bevoegdheid om—".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 74 van 1996**

**6.** Artikel 11 van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Minister van Justisie kan, na oorleg met die Hoofde van sodanige Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale wat op daardie tydstip bestaan, regulasies uitvaardig oor enige aangeleentheid, wat nie in stryd met hierdie Wet is nie en wat redelikerwys nodig is ten einde die doeltreffendheid van Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale wat ingevolge hierdie Wet ingestel is, te bevorder, met inbegrip van gelde en onkostes wat verhaal kan word vir dienste wat ingevolge hierdie Wet gelewer is.".

**Invoeging van artikels 13A, 13B en 13C in Wet 74 van 1996**

**7.** Die volgende artikels word hierby in die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, na artikel 13 ingevoeg:

"**Funding of Special Investigating Units**

**13A.** (1) The funds of a Special Investigating Unit consist of—
*(a)* money appropriated by Parliament;
*(b)* money lawfully accruing from any other source, including fees and expenses recoverable for services rendered;
*(c)* donations or contributions: Provided that—
(i) the donation or contribution will not result in a conflict of interests; and
(ii) the donation or contribution will be accepted as the Minister of Justice may, in consultation with the Minister of Finance, determine; and
*(d)* money otherwise becoming available to a Special Investigating Unit.

(2) The Head of a Special Investigating Unit must open an account with a financial institution and deposit into that account money received by the Special Investigating Unit in terms of this Act.

(3) Anything done in terms of an agreement entered into and concluded between a Special Investigating Unit and a State institution, prior to the commencement of section 4 of the Judicial Matters Amendment Act, 2012, where that agreement provides for a Special Investigating Unit to recover expenses or to charge fees incurred in the course of or in connection with an investigation from a State institution, shall be deemed and dealt with as if—
*(a)* section 4 of the Judicial Matters Amendment Act, 2012, had, at the time of that agreement being entered into and concluded, been in operation; and
*(b)* the Minister of Justice had regulated the fees and expenses recoverable for services rendered in terms of section 11, as amended by section 6 of the Judicial Matters Amendment Act, 2012.

**Accountability**

**13B.** Subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), the Head of a Special Investigating Unit—
*(a)* is the accounting authority for that Special Investigating Unit;
*(b)* is charged with the responsibility of accounting for monies received by or payments made by that Special Investigating Unit; and
*(c)* must cause the necessary accounting and other related records to be kept.

**Audit**

**13C.** The accounts, financial statements and records of a Special Investigating Unit must be audited annually, as provided for in the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004).".

**Substitution of long title of Act 74 of 1996**

**8.** The following long title is hereby substituted for the long title of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996:

"**To provide for the establishment of Special Investigating Units for the purpose of investigating serious malpractices or maladministration in connection with the administration of State institutions, State assets and public money as well as any conduct which may seriously harm the interests of the public[,] and of instituting and conducting civil proceedings in any court of law or a Special Tribunal in its own name or on behalf of State institutions; to provide for the revenue and expenditure of Special Investigating Units; to provide for the establishment of Special Tribunals so as to adjudicate upon civil matters emanating from investigations by Special Investigating Units; and to provide for matters incidental thereto.**".

“**Befondsing van Spesiale Ondersoekeenhede**

**13A.** (1) Die fondse van ’n Spesiale Ondersoekeenheid bestaan uit—

*(a)* geld deur die Parlement bewillig;
*(b)* geld wettiglik bekom uit enige ander bron, met inbegrip van gelde en uitgawes verhaalbaar vir dienste gelewer;
*(c)* skenkings of bydraes: Met dien verstande dat—
  (i) die skenking of bydrae nie ’n botsing van belange tot gevolg sal hê nie; en
  (ii) die skenking of bydrae aanvaar sal word soos die Minister van Justisie, in oorleg met die Minister van Finansies, kan bepaal; en
*(d)* geld wat andersins vir ’n Spesiale Ondersoekeenheid beskikbaar word.

(2) Die Hoof van ’n Spesiale Ondersoekeenheid moet ’n rekening oopmaak by ’n finansiële instelling en die geld wat die Spesiale Ondersoekeenheid ingevolge hierdie Wet ontvang, in daardie rekening deponeer.

(3) Enigiets gedoen ingevolge ’n ooreenkoms aangegaan en gesluit tussen ’n Spesiale Ondersoekeenheid en ’n Staatsinstelling, voor die inwerkingtreding van artikel 4 van die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2012, waar daardie ooreenkoms voorsiening maak dat ’n Spesiale Ondersoekeenheid uitgawes kan verhaal of gelde kan hef wat in die loop van of in verband met ’n ondersoek van ’n Staatsinstelling opgedoen is, word beskou en hanteer asof—

*(a)* artikel 4 van die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2012, in werking was op die tydstip toe die ooreenkoms aangegaan en gesluit is; en
*(b)* die Minister van Justisie die gelde en uitgawes verhaalbaar vir dienste gelewer ingevolge artikel 11 soos gewysig deur artikel 6 van die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2012, gereël het.

**Rekenpligtigheid**

**13B.** Die Hoof van ’n Spesiale Ondersoekeenheid is, behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999)—

*(a)* die rekenpligtige gesag vir daardie Spesiale Ondersoekeenheid;
*(b)* belas met die verantwoordelikheid om rekenskap te gee vir gelde ontvang of betalings gemaak deur daardie Spesiale Ondersoekeenheid; en
*(c)* moet die nodige rekeningkundige en ander verwante rekords laat hou.

**Oudit**

**13C.** Die rekenings, finansiële state en rekords van ’n Spesiale Ondersoekeenheid moet jaarliks geoudit word soos bepaal deur die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004).”.

**Vervanging van lang titel van Wet 74 van 1996**

**8.** Die lang titel tot die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, word hierby deur die volgende lang titel vervang:

“**Om voorsiening te maak vir die instelling van Spesiale Ondersoekeenhede met die doel om ernstige wanpraktyke of wanadministrasie in verband met die administrasie van Staatsinstellings, Staatsbates en publieke geld, sowel as enige optrede wat die belange van die publiek ernstig kan benadeel, te ondersoek[,] en vir die instelling van en voering van siviele verrigtinge in enige geregshof of ’n Spesiale Tribunaal in sy eie naam of namens Staatsinstellings; voorsiening te maak vir die inkomste en uitgawes van Spesiale Ondersoekeenhede; voorsiening te maak vir die instelling van Spesiale Tribunale ten einde siviele aangeleenthede voortspruitend uit ondersoeke deur Spesiale Ondersoekeenhede te bereg; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**”.

**Amendment of section 18 of Act 32 of 1998**

**9.** Section 18 of the National Prosecuting Authority Act, 1998, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) *(a)* Subject to the provisions of this section, any *Deputy Director* or *prosecutor* shall be paid a salary in accordance with the scale determined from time to time for his or her rank and grade by the *Minister* after consultation with the *National Director* and the Minister for the Public Service and Administration, and with the concurrence of the Minister of Finance, by notice in the Gazette: Provided that such determination is not required in respect of any cost-of-living adjustment of such scale.

*(b)* Cost-of-living adjustments of the scale determined by the *Minister* in terms of paragraph *(a)* shall be effected in accordance with the cost-of-living adjustments determined for legally qualified personnel in the Public Service.".

**Insertion of section 43B in Act 32 of 1998**

**10.** The following section is hereby inserted in the National Prosecuting Authority Act, 1998, after section 43A:

"**Transitional arrangements relating to financial investigators and analysts**

**43B.** (1) In this section *employee* means any person—

*(a)* appointed in terms of Chapter 3A of this Act prior to the repeal of that Chapter by section 5 of the National Prosecuting Authority Amendment Act, 2008 (Act No. 56 of 2008); and

*(b)* employed in the *Office of the National Director* to perform functions as a financial investigator or analyst in any financial investigation or process relating to the proceeds of unlawful activities or the civil recovery of property contemplated in Chapter 5 or 6 of the Prevention of Organised Crime Act, 1998 (Act No. 121 of 1998).

(2) Notwithstanding the repeal of Chapter 3A of this Act by section 5 of the National Prosecuting Authority Amendment Act, 2008 (Act No. 56 of 2008), after the commencement of the National Prosecuting Authority Amendment Act, 2008—

*(a)* an *employee* referred to in subsection (1) shall continue to be so employed and to perform the said functions; and

*(b)* the remuneration, allowances, service benefits and conditions of service of such *employee* shall continue to apply in respect of such *employee* or a person appointed in terms of subsection (4).

(3) Financial investigators or analysts shall exercise the powers and perform the functions—

*(a)* as may be necessary or expedient for, or incidental to, any financial investigation or process relating to the proceeds of unlawful activities or the civil recovery of property contemplated in—

(i) Chapter 5 or 6 of the Prevention of Organised Crime Act, 1998; and

(ii) any other law; or

*(b)* further conferred or imposed upon them by regulations made by the *Minister* in terms of section 40 of the Act as may be necessary or expedient for, or incidental to, the achievement of their objects and functions referred to in paragraph *(a)*.

(4) The *National Director* or a member of the prosecuting authority designated for that purpose by the *National Director* may, whenever necessary, appoint any fit and proper person to perform functions as a financial analyst in any financial investigation or process relating to the proceeds of unlawful activities or the civil recovery of property contemplated in Chapter 5 or 6 of the Prevention of Organised Crime Act, 1998.

**Wysiging van artikel 18 van Wet 32 van 1998**

**9.** Artikel 18 van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) *(a)* Behoudens die bepalings van hierdie artikel word 'n *Adjunkdirekteur* of 'n *aanklaer* 'n salaris betaal ooreenkomstig die skaal wat van tyd tot tyd vir sy of haar rang en graad by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal word deur die *Minister* na oorleg met die *Nasionale Direkteur* en die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie, met die instemming van die Minister van Finansies: Met dien verstande dat sodanige bepaling nie vereis word ten opsigte van 'n lewenskoste-aanpassing van sodanige skaal nie.

*(b)* Lewenskoste-aanpassings van die skaal deur die *Minister* bepaal ingevolge paragraaf *(a)* word in werking gestel ooreenkomstig die lewenskoste-aanpassings bepaal vir personeel met regskwalifikasies in die Staatsdiens.".

**Invoeging van artikel 43B in Wet 32 van 1998**

**10.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998, na artikel 43A ingevoeg:

"**Oorgangsmaatreëls aangaande finansiële ondersoekers en ontleders**

**43B.** (1) In hierdie artikel beteken *werknemer* 'n persoon—

*(a)* aangestel ingevolge Hoofstuk 3A van hierdie Wet voor die herroeping van daardie Hoofstuk deur artikel 5 van die Wysigingswet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 2008 (Wet No. 56 van 2008); en

*(b)* in diens van die *Kantoor van die Nasionale Direkteur* om werksaamhede te verrig as finansiële ondersoeker of ontleder in enige finansiële ondersoek of proses in verband met die opbrengs van misdaad of die siviele verhaling van eiendom beoog in Hoofstuk 5 of 6 van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998 (Wet No. 121 van 1998).

(2) Ondanks die herroeping van Hoofstuk 3A van hierdie Wet deur artikel 5 van die Wysigingswet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 2008 (Wet No. 56 van 2008), na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 2008—

*(a)* gaan 'n *werknemer* in subartikel (1) bedoel voort om so in diens te wees en om die genoemde werksaamhede te verrig; en

*(b)* die besoldiging, toelaes, diensvoordele en diensvoorwaardes van sodanige *werknemer* is steeds van toepassing ten opsigte van sodanige *werknemer* of 'n persoon wat ingevolge subartikel (4) aangestel is.

(3) Finansiële ondersoekers of ontleders oefen die bevoegdhede uit en verrig die werksaamhede—

*(a)* soos nodig of dienstig is vir, of in verband staan met, enige finansiële ondersoek of proses in verband met die opbrengs van misdaad of die siviele verhaling van eiendom beoog in—

(i) Hoofstuk 5 of 6 van die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998; en

(ii) enige ander wetsbepaling; of

*(b)* voorts aan hulle verleen of opgelê deur regulasies uitgevaardig deur die *Minister* ingevolge artikel 40 van die Wet soos nodig of dienstig is vir, of in verband staan met, die bereiking van hul oogmerke en werksaamhede in paragraaf *(a)* bedoel.

(4) Die *Nasionale Direkteur* of 'n lid van die vervolgingsgesag wat vir hierdie doel aangewys is deur die *Nasionale Direkteur* kan, wanneer nodig, enige gepaste en geskikte persoon aanstel om werksaamhede as 'n finansiële ontleder in 'n finansiële ondersoek of 'n proses wat met opbrengs van misdaad of die siviele verhaling van eiendom beoog in Hoofstuk 5 of 6 van die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998 (Wet No. 121 van 1998), verband hou, uit te voer.

(5) An annual cost-of-living adjustment by the Minister for the Public Service and Administration in respect of employees who are employed in terms of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), shall, with the necessary changes, apply to an *employee* referred to in subsection (1) and a person appointed in terms of subsection (4).

(6) All other conditions of service of an *employee* referred to in subsection (1) and a person appointed in terms subsection (4), are governed and regulated by the provisions of the Public Service Act, 1994.''.

**Short title**

**11.** This Act is called the Judicial Matters Amendment Act, 2012.

(5) 'n Jaarlikse lewenskoste-aanpassing deur die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie ten opsigte van werknemers wat aangestel is ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), is, met die nodige veranderinge, van toepassing op 'n *werknemer* in subartikel (1) bedoel en 'n persoon ingevolge subartikel (4) aangestel.

(6) Alle ander diensvoorwaardes van 'n *werknemer* in subartikel (1) bedoel en 'n persoon ingevolge subartikel (4) aangestel, word beheer en gereël deur die bepalings van die Staatsdienswet, 1994.''.

**Kort titel**

**11.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2012.